Tema: God sorg vir ons en daarom is ons gerus en tevrede

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps. 145-1: 1, 8, 9, 10, 11, 12
Ps. 146-2: 1, 3, 5, 6.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 111 - 2: 1, 2, 3, 4
Votum Ps. 23: 1
Seën
Loflied Ps. 103-2: 1, 2, 3
Geloofsbelydenis: 12 Artikels.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Deut. 5
Sing Sb 9-1: 1, 10, 11
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Psalm 23 Teksverse: 1
Belydenis: HK Sondag 50
Sing: Lied 577: 1, 2, 3
Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing Sb 10-1: 3, 4 (Mel: Ps. 50 se tweede melodie-Melita)
Gebed
Sing Ps. 23-1: 1, 3
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Die Here is my herder.....

Brs en srs, dit is seker een van die mooiste geloofsbelydenisse wat ons in die Bybel vind. “Die Here is my herder” – daarmee bely ons dat God vir ons sorg! Dat ons totale bestaan in sy hande is net soos wat die skape vir hulle versorging totaal van die skaapwagter of herder afhanklik was.

Kom ons kyk net weer vir ’n oomblik in diepte na die metafoor van die herder en sy skape om te verstaan wat die Here ons vandag wil leer. Skaapwagters het hulle skape op ’n heel ander manier versorg as wat ons boere dit vandag doen. Die skaapwagter het ’n aantal hanteerbare skape onder sy sorg gekry en hy het hierdie skape met alles moes versorg. Hy moes sorg vir kos, water, beskerming en fisiese versorging. Die herder was die heeldag saam met die skape in die veld en het hulle gelei na plekke in die woestynagtige landskap waar daar kos was om te vreet. Hy moes hulle ook daagliks by waterputte of riviere kry waar hulle kon water drink. Daar was nie kampe en krippe waar die diere gelos kon word nie om te wei nie.

Soms wanneer die weiveld ver van die kraal was, het die skaapwagter saam met die skape in die veld oornag en daar moes hy hulle ook teen wilde diere beskerm. Dawid skryf elders hoe hy sy pa skape teen leeus en bere moes beskerm. Gewoonlik het die skape saans teruggelei na die kraal waar hulle dan beter teen ondiere beskerm kon word. Wanneer die skaap siek geword het of seer gekry het , moes die herder die skaap ook gesond kry met allerhande middels waarmee hulle behandel is.

Omdat die kudde klein en beheerbaar was, was daar ook ’n heel ander verhouding tussen die skape en die skaapwagter. Die skape het die herder baie goed geken en hy het hulle baie goed geken. Wanneer die herders in die oggend by die kraal bymekaar kom dan het elke wagter sy skape geroep en wanneer hulle sy stem herken het hulle uit die kraal beweeg terwyl die ander skape gewag het om geroep te word. Die skape is ook nie vooruit aangejaag nie. Die skaapwagter het voor geloop en die skape het hom vrywillig gevolg want hulle het geweet hy moet vir hulle kos en water verskaf.

Hier is net ’n paar beelde om die prentjie vir ons kinders mooi te skets – wys skyfies.

Brs en srs, wanneer ek dus sê “die Here is my herder” dan bely ek dat ek so, volkome, in alles en vir alles in my lewe van die Here afhanklik is en dat Hy vir my sorg na liggaam en siel. Wanneer die gelowige bely: “Die Here is my herder”, sê jy daarmee dat jy sy sorg nodig het! Jy verklaar jouself ’n “skaap” en gee jou lewe oor aan die Herder sodat Hy vir jou kan sorg! Vir al ons liggaamlike behoeftes – noem dit maar op – en vir al ons geestelike behoeftes!

Geliefdes, ek is seker ons almal sal wil sê: “Here wees tog asseblief my herder”.
Ons is “skape” (die kudde van die Here) wat geestelike en liggaamlik moeg word, ons het leiding en beskerming nodig! Veral na die moeilike Pandemiejaar wat ons beleef het waarin ons ervaar dat ons geestelike, emosionele en liggaamskragte tot die uiterste

beproef is en word. Ons menseverhoudinge kom onder druk en alles wat ons beleef het bring spanning en kommer. Mense is emosioneel en geestelik moeg!

Om hierdie redes, brs en srs, was die Nagmaal van twee weke gelede so geweldig versterkend en verkwikkend! Ons Herder het ons geestelike gevoed en geestelike rus gegee.

Die geestelike voedsel by die Nagmaal – die groen weiveld – was die intieme gemeenskap wat ons met ons Herder, Jesus Christus, kon ervaar. Dat Hy – soos Hy self in Johannes 10 verklaar, die Goeie Herder is wat sy lewe vir ons afgelê het, sodat ons die kudde van God kan wees.

Deur die brood en wyn in sy hand wat het vir ons uitgedeel het, het Hy vir ons gesê: “moenie bang wees nie, dis Ek”. Julle herder wat vir julle sorg! Ek is elke dag tussen julle as my kudde! Ek ken elkeen van julle by die naam en ek roep julle na my toe. Ek weet wat jou nood is!!!! Ek sal elke dag sorg vir kos en water! Ek sal julle beskerm teen die aanvalle van die bose! As jy siek word, sal ek jou genees! Ek is die een wat optel en jou dra as jy moeg word! Ek sien wanneer die kommer jou laat wegkwyn – ek sal sorg!

Geliefdes – wat ŉ wonderlike voorreg om in die kudde van ons Here te wees – om altyd so onder sy oë wees en te weet dat Hy vir ons sorg en beskerm.
Ja, God sorg vir ons en daarom is ons gerus en tevrede!

Christus gee ons geestelike rus. Die “waters van rus” is die versoening wat Jesus bewerk tussen ons en God en dat ons van ons sondeskuld verlos kan word en rus in God kan vind. Daarvan skryf die psalmdigter so mooi in vers 3 as hy sê: “Hy verkwik my siel”. In my innerlike lewe wat so in ŉ warboel kan wees van my eie gedagtes, my eie sondes, my eie kwelling en bekommernis, daar bring die Here versterking en troos. Daar neem Hy my skuldgevoel weg en gee my vrede!

“Om te verkwik” beteken ook om nuwe krag te gee – dit is wat die Here vir ons doen! Hy gee ons nuwe krag vir die dag van more sodat ons die moeilike uitdagings van die lewe kan aanpak. Wat ook al op ons wag - onthou: die Here verkwik, Hy gee elke dag nuwe krag!

Daarom versterk die Here ons ook liggaamlik! Ons Herder sorg ook vir ons daaglikse versorging! Die groen weivelde en die water waarvan Dawid praat dui ook op fisiese versorging. Dat ons kan eet en drink, versorg kan wees aan die lewensmiddele wat ons elke dag nodig het! Hy sorg ook vir ons liggaamlike krag en gesondheid! Dat ons fisies in staat kan wees om te lewe en te werk en Hom te volg! Elke asemteug, elke dag se lewe, elke jaar se besig wees is sorg uit God se hand! Ons daaglikse brood!

Maar ons het ook geestelike leiding nodig. Daarvan skryf die digter net so mooi in vers 3: “Hy lei my op die spore van geregtigheid om sy naam ontwil.” Die Here lei ons so dat ons Hom reg kan dien en dat ons met ons woorde en dade sy Naam kan verheerlik. Hierdie

leiding gee die Here vir ons deur die Woord en deur die kragtige werking van die Heilige Gees. En Hy doen dit om sy Naam te verheerlik!

Brs en srs, ons het hierdie geestelike leiding van die Here nodig in ŉ wêreld wat vir ons as gelowiges al hoe meer vreemd word. Dit het baie duidelik vir ons geword deur ons intense Fokustydstudie. Dat ons as burgers van God se ryk so anders leef as die wêreld ! Dat ons ŉ unieke roeping teenoor die wêreld het en dat ons met ander norme en waardes moet leef! Ons het die geestelike leiding van ons Herder nodig en Hy gee dit in die Woord!
Kom ons ondersoek die Woord van die Here en bid deur die Gees dat Hy ons as sy kudde ook reg sal lei in dit waartoe Hy ons in sy koninkryk roep! Kom ons soek dit ook biddend saam.

Geliefde gemeente, " die Here is my herder" is egter nie al wat ons moet bely nie! Dawid sê verder:" niks sal my ontbreek nie." In Hebreeus val die klem op die woordjie "niks"! Ek sal aan "niks" tekort hê nie!

Is dit wat ek en jy ook bely en van harte glo? Dat ons so op ons Herder vertrou dat ons by voorbaat weet dat Hy vir alles sal sorg? Dat ons by voorbaat weet dat al moet ons deur baie moeilike tye in ons lewe gaan, sal die Here by ons wees en ons beskerm soos vers 4 dit stel: Al gaan ek ook deur" ŉ dal van doodskaduwee". Al word ek ook tot die dood toe bang, weet ek die Here is hier by my? Dat ek gerus sal wees wanneer ek vrees, kommer of die dood in die oë moet kyk!

Geliefde, brs en srs, as ons eerlik is, dan sukkel baie van ons met hierdie deel van Dawid se mooi uitspraak in vers 1. Sal ek regtig niks kortkom nie? Kan ek en jy dit vanoggend sê en glo?

Niks sal my ontbreek nie? Niks nie Here? Wat dan van die feit dat ek nie werk het nie, Here? Wat van my huwelik wat op die rotse is, Here? Wat van die feit dat ek nie genoeg voorsien het vir my aftrede nie. Here? Wat van al die geld wat ek nodig het om al die skuld en al die gate toe te maak, Here? Sal ek niks te kort het nie? Wat van hierdie siekte waarmee ek nou so lank al worstel en ek word nie gesond nie?

Niks sal my ontbreek nie? In al my geloofsworsteling, my twyfel en soeke om reg te lewe? Ag hoe worstel ek met my sonde en my eie hart wat my so in die steek laat – My hart wat altyd wegdwing van die spore van die Here? Sal niks my ontbreek nie!

Sal niks ons ontbreek in ons land nie Here? Met al sy misdaad, chaos en onreg? Ons onderwysstelsel wat so ontoereikend is, ons kinders se opvoeding en toekoms? Sal niks ons ontbreek nie Here? Ons wat so gefokus is op wat ons nie het nie en wat dink dat ons alles moet hê!

Geliefde, br. en sr, dis in hierdie opsig dat ons Herder vanmore van ons ŉ oorgawe vra! Dis hier waar ek en jy ons kommer en onrus en onvrede en ontevredenheid moet laat staan en regtig soos die moeë lammetjie in die arms van ons Herder gaan lê!

Wys skyfie 6-
Dis hier waar ek en jy klein word en vertrou op die Here se sorg – soos die moeë lammetjie wat deur die Herder opgetel word! Dit is wat geloof is: om onvoorwaardelik te glo dat die Here sal sorg!

Dit is om hierdie rede dat ek en jy die vierde bede met ʼn vaste geloof en met oorgawe moet bid: Gee ons vandag ons daaglikse brood! Dat ons dit bid en glo: my Herder sal sorg! Vir al my liggaamlike en geestelik behoeftes! Dit is wat Hy belowe het! Dit is waarvoor Christus aan die kruis gesterf het – dit is waarom Hy as die Goeie Herder sy lewe afgelê het – sodat ons as skape van God mag weet: God sal sorg!

Wanneer ek sê: die Here is my herder" dan moet ek ook sê: niks sal my ontbreek nie! Dan kan ek met oorgawe bid: Gee my vandag my daaglikse brood! Want ek weet Hy het my nog altyd versorg!
Dawid maak hierdie vertrouensuitspraak op grond van sy vorige ervaringe met die Here! Kyk maar terug in jou lewe! Kyk maar terug in die lewe van ons gemeente! Was die Here al ooit ontrou! Was die Here al ooit weg toe ons Hom nodig gehad het? Nee.....Ons kan Hom vertrou! Met alles en vir alles! Dit is wat die sigbare sakrament van die Nagmaal twee weke gelede ons ook van verseker het! Die Here is getrou!

Kom ons los daarom ons wantroue, ons kommer en ons onrus! Kom ons wees tevrede met waarmee die Here ons versorg! Hy weet die beste!
Geliefdes, baie keer is ons onrus gesetel in die feit dat ons nie tevrede is met wat die Here gee nie! Dat ons altyd net groen gras wil eet en nie soms ook die droë gras van wintertye nie! Ook daarmee moet ons leer om te vrede te wees! "Ek sal niks kortkom nie!! Ek is tevrede!

Geloof is om te weet die Here sal voorsien wanneer die uitkoms op sy moeilikste lyk! Sien weer in jou gedagte die metafoor van die skaap en sy herder! Wanneer die droogte kom, kos min raak en die wolwe rondom ons staan – kom ons vlug dan na die Here toe – Hy sal sorg! Dan bid ons met ʼn vaste geloof: Gee ons vandag ons daaglikse brood!

Ja, God sorg vir ons en daarom is ons gerus en tevrede!

Amen.

Kom ons sing nou biddend in antwoord op die Here se beloftes saam Sb 10 – 1: 3 en 4